

# GEBED TOT DIE HEILIGE GEES

---

**G** Kom Heilige Gees, vervul die harte van u gelowiges;

**R** en ontvlam in hulle die vuur van u liefde.

**G** Stuur uit u Gees en alles word herskape;

**R** en U sal die aanskyn van die aarde hernuwe.

**G** Laat ons bid:

God wat die harte van die gelowiges deur die Heilige Gees verlig en geleer het, gee dat ons in dieselfde Gees werklike wysheid mag besit, en altyd sy vertroosting mag geniet. Deur Christus, onse Here.

**R** Amen.